# GKBO - Inligting

2009

## *Eredienstye:*

***Somermaande:*** 09:00 & 18:30
***Wintermaande:*** 09:30 & 18:30 ***(Mei – Augustus)***

## *Kerkadres:*

***H/v Cherry- en Redwoodstr., Bellair***

## *Posadres:*

***Posbus 66,***
***Sanlamhof,***
7532

## *Kerkhuisadres:*

***Redwoodstraat 22, Bellair***

## *Kerkkantoor:*

☎ 021 919 4303 / Faks: 021 919 2170
***Maandag – Vrydag (Dinsdae: Finansies) 08:30 – 13:00***

***Administratief: Antonette Schminke (gkbellvilleoos@telkomsa.net)***
***Finansies: Ronelle van Rhyn (gkbo@vdwaltauditors.co.za)***

***Koster & Besprekings van Kerkgebou & Kerkhuis***
***Fanie Henning*** ☎ 021 906 2298 / 073 215 5678

## *Predikante:*

***Ds. Reinder Kingma*** ☎ 021 919 5893 / 084 827 2443 / ***rkingma@telkomsa.net***

***Ds. Henning Venter*** ☎ 021 919 0705 / 083 292 6131 / ***hv.venter@telkomsa.net***

# *Funksionarisse & Skakelpersone*

| | | | |
|---|---|---|---|
| **KOSTER:** | | Fanie Henning | ☎ 021 906 2298 |
| | | | ☎ 073 215 5678 |
| **ORRELIS:** | | Bart van Milligen | ☎ 021 976 2303 |
| **KERKRAAD:** | **Skriba:** | Piet Aucamp | ☎ 021 910 2065 |
| | | | ☎ 073 204 8845 |
| | **Hulp-Skriba:** | Arnold Mulder | ☎ 021 982 1374 |
| | | | ☎ 084 250 7066 |
| **DIAKONIE:** | **Voorsitter:** | Douw Coetzee | ☎ 083 638 9814 |
| | | (stell@ballstraathof.co.za) | |
| | **Skriba:** | Hanlie Biermann | ☎ 021 975 6995 |
| | | (hanlie.biermann@sanlam.co.za) | |
| | **Kassiers:** | Danie van Schalkwyk | ☎ 021 903 1648 |
| | | Gavin Scott | ☎ 021 976 9639 |
| | **Ondersteuning:** | Kees Beekman | ☎ 021 976 6521 |
| **SUSTERS:** | **Voorsitter:** | Elfriede Coetzee | ☎ 021 976 8292 |
| | | (stell@ballstraathof.co.za) | ☎ 083 636 9840 |
| | **Sekretaresse:** | Johanita Venter | ☎ 021 919 0750 |
| | | (hv.venter@telkomsa.net) | ☎ 083 462 2564 |
| | **Tesourier:** | Irene van Milligen | ☎ 021 919 1907 |
| | | (jan@beekman.co.za) | ☎ 082 344 9199 |
| **Teeskink:** | | | |
| | ***Sondae:*** | Annamie Mouton | ☎ 021 910 1516 |
| | | | ☎ 078 631 9081 |
| | ***Kerkraad:*** | Karin Anderson | ☎ 021 981 6656 |
| | | (canderson@justice.gov.za) | ☎ 082 776 0140 |
| **Kombuis:** | | Petro du Plessis | ☎ 021 919 4355 |
| | | (petro.dplessis@simeka.co.za) | ☎ 072 595 2834 |
| | | Nelia Henning | ☎ 021 906 2298 |
| | | (mwneliah@iafrica.com) | ☎ 073 146 0092 |
| **Huis Sonop:** | | Wina Venter | ☎ 021 910 0410 |
| | | (wina.venter@absamail.co.za) | ☎ 084 511 6524 |

## *Prosedures & reëlings*

**Attestasies** Vra u attestaat by die kerkkantoor aan voordat u na 'n ander gemeente vertrek. U kan dit ook by die predikante of u ouderling doen.

**Doop** Stel die wyksouderling / predikant so gou as moontlik in kennis van geboortes. U kan ook by hulle aansoek doen vir die doop van u kindjie. Indien u die doop elders wil laat bedien, moet u die nodige skriftelike bewilliging van die kerkraad bekom.

**Huwelike / Begrafnisse** Skakel een van die predikante.

**Kerkgebou / Kerkhuis** Die gebruik van die kerkgebou / kerkhuis vir kerkfunksies word verwelkom. Alle reëlings vir kerkfunksies word bespreek deur die koster, sowel as reëlings vir die sleutels se afhaal en terugbesorging. Bespreek by
**Fanie Henning** (☎ 021 906 2298 / 073 215 5678)

**Kerklike vergaderings** Alle vergaderings begin om **19:30**. Nagmaalssondae moet kerkraadslede asseblief 20 minute voor die aanvang van die erediens in die konsistorie wees. Andersins soggens 15 minute voor die erediens.

**Nagmaal** Vra 'n brief by die kerkraad aan as u nagmaal elders wil vier. Lidmate van ander gemeentes moet by die kerkraad aansoek doen om nagmaal saam met ons gemeente te vier.

**Sangoefening** 10 minute voor die aanvang van die oggenderediens.

**Siektes / Probleme** Stel asseblief ouderling en / of predikante en / of

Chrisante in kennis.

## *Algemene Kerkkas:*

**RIGLYN MINIMUM MAANDELIKSE BYDRAE:**

| **Bruto inkomste van huishouding** | **%** |
|---|---|
| **Tot R 10 000** | **1 %** |
| **R10 000 – R 20 000** | **3 %** |
| **R20 000 – R 30 000** | **5 %** |
| **Meer as R 30 000** | **5 % +** |

| | | |
|---|---|---|
| **Ramings:** | **R 25.00** | **pm per belydende lidmaat** |
| **Plaaslike evangelisasie:** | **R 2.00** | **pm per belydende lidmaat** |
| **Bolandse bedieningsfonds:** | **R 1.50** | **pm per belydende lidmaat** |
| **Bybelverspreiding:** | **R 2.00** | **pm per belydende lidmaat** |
| **Sustersbydraes:** | **R 2.00** | **pm per belydende lidmaat** |

***Sustersbydraes word in aparte koeverte (verkrygbaar voor in die portaal) in die kollektesakkies geplaas.***

Die Kerkraad stel as riglyn voor dat 5% van maandelikse inkomste vir die Kerkkas bygedra word. Die kerkkasbydrae is bestem vir die instandhouding van die erediens – traktering van predikante; ramings; administrasie; instandhouding van kerklike eiendom; ens.

## Inligtingstuk oor die bydraestelsel:

Die Kerkraad moedig bydraes aan in die vorm van ‘n debietorder wat u op die bydraevorm kan aanbring. Omdat diebietorders gewoonlik ongeveer twee maande neem voordat dit in werking tree, kan die aangehegte koeverte eers gebruik word. *Toon asb. duidelik aan wanneer die aanvangsdatum van die debietorder moet wees.* Plaas u bydrae in die koevert en sit die koevert in die kollektesakkie op ‘n Sondag. Vul asb. die koevert so volledig as moontlik in om verwarring te voorkom. Die rede waarom debietorders aanbeveel word, is omdat die hantering van kontant deesdae ‘n al groter risiko raak met diefstalle en kapings.

U kan ook vir die ander uitreik-aksies soos op die beloftevorm en koeverte aangedui, bydra.

Aangeheg vind u hiermee ‘n bydraevorm en drie bydraekoeverte.

*‘U word vriendelik versoek om, vir sekuriteitsredes, geen bydraekoevertjies in bussies agter in die kerkgebou te sit nie.*
Alle bydraes (ook vir spesiale fondsinsamelings) moet asseblief in ‘n gemerkte koevert in die kollektesakkies geplaas word.

Bankbesonderhede: ABSA
Tjekrekening nr.: 1450340029

Taknr.: 334910

# KOLLEKTES 2008

| Datum | Diens | Deure |
|---|---|---|
| 03-Feb-08 | Huis Boland | Afgetrede helpers/Evang. |
| 10-Feb-08 | Diakonale Kas | Dankbaarheidsfonds |
| 17-Feb-08 | Elsiesrivier | Arso-lesmateriaal |
| 24-Feb-08 | Diakonale Kas | Bol. Bedieningsfonds |
| 02-Mar-08 | Kinderhuise | Inst. Erediens |
| 09-Mar-08 | Diakonale Kas | Sustentasiefonds |
| 16-Mar-08 | Diakonale Kas | TSP Studentekas |
| 21-Mar-08 | Diakonale Kas | |
| 23-Mar-08 | Diakonale Kas | Emeritus Hulpfonds |
| 30-Mar-08 | Diakonale Kas | Inst. Erediens |
| 06-Apr-08 | Huis Boland | Bol. Bedieningsfonds |
| 13-Apr-08 | Diakonale Kas | Emeritaatsfonds |
| 20-Apr-08 | Diakonale Kas | Evangelisasie |
| 27-Apr-08 | Ouetehuise | Inst. Erediens |
| 01-Mei-08 | Bybelverspreiding | |
| 04-Mei-08 | Diakonale Kas | TSP Studentekas |
| 11-Mei-08 | Diakonale Kas | Sustentasiefonds |
| 18-Mei-08 | Blindes en Dowes | Ekumenisiteit-London |
| 25-Mei-08 | Diakonale Kas | Evangelisasie |
| 01-Jun-08 | Kinderhuise | Inst. Erediens |
| 08-Jun-08 | Diakonale Kas | TSP Studentekas |
| 15-Jun-08 | Diakonale Kas | Emeritaatsfonds |
| 22-Jun-08 | Huis Boland | Evangelisasie |
| 29-Jun-08 | Diakonale Kas | Bol. Bedieningsfonds |
| 06-Jul-08 | Diakonale Kas | TSP Studentekas |
| 13-Jul-08 | Diakonale Kas | Sustentasiefonds |
| 20-Jul-08 | Kinderhuis Reddersburg | Inst. Erediens |
| 27-Jul-08 | Diakonale Kas | Ekumenisiteit-London |
| 03-Aug-08 | Grassy Park | Bol. Bedieningsfonds |
| 10-Aug-08 | Diakonale Kas | Emeritaatsfonds |
| 17-Aug-08 | Huis Boland | Kerkblad |
| 24-Aug-08 | Diakonale Kas | Emeritus Hulpfonds |
| 31-Aug-08 | Elsiesrivier | Bol. Bedieningsfonds |
| 07-Sep-08 | Diakonale Kas | Sustentasiefonds |

| | | |
|---|---|---|
| 14-Sep-08 | Diakonale Kas | Emeritaatsfonds |
| 21-Sep-08 | Diakonale Kas | Evangelisasie |
| 28-Sep-08 | Ouetehuise | Inst. Erediens |
| 05-Oct-08 | Huis Boland | Bol. Bedieningsfonds |
| 12-Oct-08 | Diakonale Kas | Bybelverspreiding |
| 19-Oct-08 | Kinderhuise | Emeritaatsfonds |
| 26-Oct-08 | Diakonale Kas | Ekumenisiteit-buiteland |
| 02-Nov-08 | Diakonale Kas | Emeritaatsfonds |
| 09-Nov-08 | Crossroads | Emeritus Hulpfonds |
| 16-Nov-08 | Diakonale Kas | Afgetrede helpers/Evang. |
| 23-Nov-08 | Diakonale Kas | Bol. Bedieningsfonds |
| 30-Nov-08 | Huis Boland | Evangelisasie |
| 7-Des-08 | Diakonale Kas | Pro Ecclesia Beursfonds |
| 14-Des-08 | Diakonale Kas | Emeritaatsfonds |
| 21-Des-08 | Kinderhuise | Evangelisasie |
| 25-Des-08 | Bybelverspreiding | |
| 28-Des-08 | Crossroads | Evangelisasie |
| 05-Jan-09 | Grassy Park | Inst. Erediens |
| 12-Jan-09 | Diakonale Kas | Bol. Bedieningsfonds |
| 19-Jan-09 | Diakonale Kas | Sustentasiefonds |
| 25-Jan-09 | Diakonale Kas | TSP Studentekas |

# D I E N S G R O E P E

## Blommekomitee



Maar waar kom dit vandaan? So 13 jaar gelede het 'n broeder gereël vir 'n ruiker blomme in die kerk tydens die diens. Die doel daarmee was om die gemeente te bedank vir hulle baie gebede, liefde, ondersteuning, oproepe, ens. na 'n ernstige siekbed. Hy het toe versoek dat dié blomme na die diens na iemand ànders in die gemeente toe gaan, wat ook die ondersteuning en liefde van die gemeente nodig het.

Hy het toe ook geld bewillig en vandaar die ontstaan van die **Blommekomitee**. Elke naweek besin die predikante dan ook oor waarheen die ruiker die volgende Sondag moet gaan.

Hierdie liefdesdiens kan slegs voortgesit word met die volgehoue ondersteuning en bydraes uit die gemeente. Agter in die kerk is 'n houthouertjie met blommetjies op geverf. Hierdie houer is uitsluitlik vir enige donasies vir die blommekomitee. Alternatiewelik kan dit saam met u maandelikse bydrae inbetaal word. (Merk dit duidelik op die koevert.)

Graag vra ons ook dat enige lidmaat wat die blomme op 'n betrokke Sondag ontvang, asb. so spoedig moontlik die **blompotte in die kombuis terugbesorg**, sodat daar potte beskikbaar is vir die volgende week se blomme.

**Margaret Voogt** ☎ 021 919 0297/ 082 225 3768
**Rosa Voogt** ☎ 082 822 6683
**Jaap Koelewijn** ☎021 919 1870 / 083 781 1870

## Chri-sante



*Die **Chrisante** opereer selfstandig volgens 'n tweemaandelikse diensrooster en kontak of besoek die siekes sodra en wanneer hulle van enige siekes te hore kom.*

*Ons werk word "in stilte" verrig, m.a.w. ons verkies om nie op die voorgrond te tree nie.*

***Ons kan enige tyd meer liefdevolle en diskrete Doppers as "sieketroosters" en -besoekers in die Chrisante se geledere gebruik !***

**Kuilsrivier-Hospitaal :** **Reint Berg** ☎ **021 903 3027**
Louis Leipoldt & Panorama Hospitale: **Adri Wattel** ☎ **021 558 9656**
Ander Hospitale: Joukje Berg ☎ 021 903 3027 / Marié Botha ☎ 021 975 4269 /

*Liz Shaw ☎ 072 221 6331 / Alta van der Walt ☎ 021 910 2070 /*
*Ingrid Coetzee ☎ 021 975 3512*

CARITAS

**Matteus 4:4** *" Maar Hy antwoord: 'Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.'"* (Deut. 8:3)

CARITAS **is `n <u>diens-evangelisasie-aksie</u> van ons gemeente.**

**<u>Evangelie:</u>** Die formaat van Woordbediening verander voortdurend na gelang van omstandighede en geleentheid. Eers is Sondagmiddag aansitetes gegee, met Bybelstudie daarna. Later is byeenkomste gehou by huise, en tans word mense na die gemeente se eredienste vervoer.

**<u>Diens:</u>** Diens word gelewer in die vorm van hoofsaaklik kos, klere en komberse aan die wat dit benodig. Die skoolprojek voorsien kinders van skoolklere, skryfbehoeftes en ondersteuning. Behuising word ook tans aangespreek.

**<u>Kraaifontein:</u>** Die afgelope paar jaar reeds reik ons uit na Goliath Estate in Kraaifontein. Daar is tans `n gevoel onder gemeentelede dat Caritas opnuut moet uitreik in die Kraaifontein-omgewing na groepe wat nog nie bereik is nie – onder andere mans in Goliath Estate, en die ouers van koningskinders.

**<u>Gesonde aktiwiteite:</u>** Daar is `n gebrek aan gesonde aktiwiteite in die area waar ons werksaam is. Mense is dan geneig om betrokke te raak by dinge wat vir hulle skadelik is. Ons wil graag sport en ander aktiwiteite vir kinders en grootmense reël.

**<u>Gebed</u>**: Ons glo dat die Here ons roep om hierdie werk te doen en ons bid om sy leiding.

Indien u geroepe voel om betrokke te raak by CARITAS, skakel gerus vir Erich Maritz by 083 270 4549 of erichm@sim.sanlam.com.

**Erich Maritz ☎021 975 8748**
**Douw Krüger / Anton Vreulink / Angie Dunn / Hein Kruger /**
**Morné Meyer / Anso Venter / Joe Voogt /Maretha Opperman /**
**Rache vd Vyver / Danie & Wendy Meyburgh / Di. Reinder Kingma /**
**Henning Venter**

# Klerebank



Baie jare gelede het ons gemeente op kleinskaal begin met Evangelisasie onder leiding van ds. Fanie Coetzee.

Ons het by tehuise en plakkerskampe gekom waar die geestelike en ook die finansiële nood groot was.

Ons het besef dat ons nie alleen die Woord van God aan hulle kan bring en nie verder liefde aan ons medemens bewys deur hulle te help met kos en klere nie. Met hierdie besef het die Klerebank ontstaan.

Ons gemeentelede het (en kan nog steeds) bruikbare klere, beddegoed, handdoeke en gordyne na die kerkhuis of kerk bring op Sondae. (Die klere kan onder die tafel in die ou portaal geplaas word.)

Die Klerebank is ook elke **Woensdagoggend** oop van **09:00 - 10:00**.

Dit word in die kerkhuis se kaste gepak totdat dit uitgedeel word aan die instansies soos kinderhuise, versorgingshuise, Shiloh, Mitchellsplain, Caritas en die Gereformeerde Kerk Elsiesrivier.

Eerstens word natuurlik ook aan ons eie gemeentelede wat hulp nodig het gedink en indien moontlik word hulle met liefde gehelp.

Laat ons so deur woord en daad God se liefde aan ons medemens uitstraal

.

**Marie Visser ☎ 021 981 4607**

# Vrolike Veterane



***'n Klompie jare gelede het Han & Gre Scheeres en Phlip & Lida Kruger skielik eendag besluit om te gaan blomme besigting op die Weskus (Postberg). Dit was 'n heerlike uitstappie en ons vier het besluit om alle afgetredenes uit te nooi om mee te doen aan daguitstappies. Spoedig het ons vier gegroei na 20 mense uit ons gemeente!***

***Die wisselvallige weer van die Kaap maak dit moeilik om vooruit te beplan, maar in die somer probeer ons om een keer per maand êrens heen te gaan.***

***Ons beplan ook die volgende besoekpunte: Stellenbosch, Taalmonument, Museums, Poppehuis, Botaniesetuine en nog baie meer! Lees asb. ons gemeente se nuusbrief om op hoogte te bly van ons aktiwiteite.***

***Phlip & Lida Kruger*** ☎ 021 913 6587

# AKSIE KONINGSKINDERS

Met hierdie projek reik ons as gemeente uit na kinders in ons onmiddellike omgewing wat fisies en/of emosioneel verwaarloos en/of minderbevoorreg is. Die hoofdoel van hierdie aksie is om 'n fisiese verskil in die lewens van hierdie kinders te maak en ook aan hulle daarmee saam die blye boodskap van die Bybel te bring:

*"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."* Joh. 1:12

## Wie is die Koningskinders?

Omdat die veld so groot is, het ons 'n spesifieke area (Kraaifontein) naby aan ons gemeente gekies om op te konsentreer. Die teikengroep is kinders **vanaf gr. 4 tot gr. 7** in **Laerskool Aristea, Kraaifontein**. Met die hulp van onderwysers en die skoolhoof is daar aanvanklik 'n groep van 20 kinders ge-identifiseer. Soos van die kinders jaarliks klaar maak met die laerskool, word daar weer nuwes in hul plek aangewys. Deesdae is ons in staat om tot 35 kinders te hanteer.

## Projekte:

Die KK-projek funksioneer met die hulp van twee spanne, nl. die logistieke komitee en die groepleiers. Eersgenoemde hanteer meeste van die beplanning en reëlings en tree ook op as kamppersoneel. Die groepleiers (jongmense uit ons gemeente), onder leiding van die predikant, beplan o.a. die kampprogram en werk materiaal uit om die Evangelie eenvoudig en visueel aan te bied. Elke groepleier kry ook 'n aantal kinders onder sy/haar sorg tydens die kamp en ander aksies. Hierdeur word 'n vertrouensbasis tussen die groepleier en elke kind geskep, wat baie heilsaam is.

Tans word daar vier aksies deur die loop van die jaar gehou, nl. een elke kwartaal. Drie van hierdie aksies val op 'n Saterdag wanneer daar 'n spesiale aktiwiteit gereël word, bv. besoek aan die strand, akwarium, *Science Scentre*, ens. Daarna bring die predikant 'n geestelike boodskap, waarna hulle 'n middagete kan geniet. Tydens die jaareindfunksie ontvang hulle ook elkeen 'n geskenk.

## Jaarlikse kamp:

Die jaarlikse kamp wat elke jaar die hoogtepunt is, vind in die September-vakansie plaas en strek oor vyf dae. Behalwe vir die geestelike tema wat tydens die kamp aangebied word, kry die kinders ook geleentheid om speletjies te speel, mee te doen aan kreatiewe aktiwiteite, deel te naam aan 'n konsert, ens. Elke kind ontvang ook 'n Bybel en sweetpak.

## Hoe het dit begin?

Ons gemeente het in 1998 met hierdie projek begin toe 'n bewusmaking en Koningskinders opleidingskursus deur ds. L.H. Stavast vir ons gemeente aangebied is. Almal betrokke kan daarvan getuig dat hierdie projek oor die **afgelope 9 jaar ryklik geseën is.** [Een van die eerste Koningskinders het onlangs die mooi mylpaal bereik om geloofsbelydenis af te lê.]

## Wil jy graag help of betrokke raak?

Soos met alle projekte word mense met 'n verskeidenheid van gawes benodig. Selfs al kan u nie met kinders werk nie, is daar baie ander terreine waar u wel sou kon help. Indien u betrokke wil raak by hierdie mooi projek, kontak asb. een van die predikante of komiteelede.

**Anton Vreulink & Mieneke Vreulink**
**☎ 021- 919 4692 / 083 250 7228 / antonprivate@cosmoprop.co.za**
Nellie Costerus / Annake v Milligen / Jennie Gerber / Margaret Voogt / Geer Wattel
Jan Meintjes / Ingrid Singels / Ingrid Coetzee / Maatie de Beer / Geertje Wattel
Ds. Reinder Kingma / Marié Meyer / Marisa Venter
**Hoërskool 3GIG: Roelien Roodt ☎021 982 2542 / 082 780 7187**

# MUNTE VIR BYBELVERSPREIDING

*Die hoofdoel van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika is om aan alle mense, in hulle eie taal, 'n Bybel teen 'n baie billike prys beskikbaar te stel. Selfs vir die dowes op bandjies en die blindes in braille.*



*Ds. Gerrit Kritzinger, uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap, skryf in die "Saaier", (hulle blaadjie,) "Hier by die Bybelgenootskap is dit ons voorreg om elke dag betrokke te wees by die beskikbaarheidstelling van die Bybel, die Boek wat nodig is sodat mense God en sy beloftes kan leer ken. Sonder ons duisende getroue donateurs, sou die Bybelgenootskap nie sy taak kan uitvoer nie."*
*Ons het jare gelede 'n beroep gedoen dat almal vrywillig by hulle huise, hulle kleingeld in 'n houertjie sit. Wanneer dit vol is, kan hulle dit na die kerk toe bring.*

*In die ou voorportaal staan 'n houtkissie, gemerk munte vir Bybelverspreiding, op die tafel. Die munte kan daarin gesit word.*

*Elke Sondag word dit leeggemaak en so elke 6 weke word die geld getel, bank toe gebring en oorbetaal aan die Bybelgenootskap.*

**Hennie Venter ☎ 021 903 9792**

# QUO VADIS STAPGROEP



**Enige persoon wat stapfiks is, is welkom om saam met ons te stap. Ons probeer om so gereeld as moontlik Saterdae (afhangende van die weer), te stap.**

Die moeilikheidsgraad van die staproetes wissel en daar word elke keer in die nuusbrief die lengte (in km) asook fiksheidsgraad wat vereis word, aangedui.

Elke stapper moet (winter en somer) 'n reënbaadjie inpak, genoeg vloeistof, sonbrandroom en iets te ete vir teetyd en middagete. Ons vertrek vanaf die kerk en is gewoonlik teen 15:00 Saterdaemiddae terug - volledige inligting word elke keer in die nuusbrief gepubliseer.
Dit is 'n wonderlike manier om die Here se teenwoordigheid ook in die natuur saam met medegelowiges te ervaar. Dit is nie net vir ons Gemeentelede nie - vriende is baie welkom.

**Wendy Meyburgh** is ons stapfotograaf. Sy het egter al die stappe se foto's in plakboeke en dus het ons nie los foto's nou beskikbaar nie.
Soos gesê, dit is moeilik om presies te sê wat ons vir die res van die jaar beplan want dit hang alles af van die weer. Dit is ook deesdae baie gevaarlik om selfs Tafelberg en Leeukop uit te klim en dus pas ons maar die staproetes kort-kort aan. Ons benodig nie enige hulp nie, net nog mense om saam te stap!

**Tobie Oosthuysen ☎ 021 919 5130 / Ronel Kruger / Ingrid Coetzee / Claire Coetzee**

# KOMITEES VAN DIE KERKRAAD

## Dagbestuur van die kerkraad

Die dagbestuur hanteer alle dringende dag tot dag sake van die kerkraad. Dit is in die lewe geroep om die predikante in besluitneming by te staan en effektiewe bestuur te verseker. Die dagbestuur funksioneer volgens 'n goedgekeurde reglement en alle besluite moet deur die kerkraad bekragtig word. Die lede van die dagbestuur is: albei predikante, skriba, voorsitter van die diakonie en 'n lid van die finansiële komitee. Die dagbestuur kan ook ad hoc 'n kundige lidmaat betrek indien nodig.

**Predikante / Skriba (Breë) Kerkraad (sekr.) / Voorsitter Diakonie / Verteenw. Finans- & Eiendomskomitee**

## Bedieningskomitee

Hierdie komitee is die predikante behulpsaam in die beplanning en uitvoering van die gemeentelike bediening. Daar word van tyd tot tyd na alle aspekte van die bediening gekyk en aanbevelings word aan die kerkraad gemaak. Sake wat hanteer word, is o.a. spesifieke toerusting van die gemeente, huisbesoektemas, werkslading van ampsdraers, gemeentestrukture ens.

**Ds. Reinder Kingma** ☎ 021 919 5893 **/ Henning Venter / Abie du Plessis / Arnold Mulder / Ds. Koos Jooste / Piet Aucamp / Pieter van Niekerk / Voorsitter Diakonie / Ben Groot**

## Jeugkomitee

***Die Jeugkomitee bestaan uit mense wat `n passie het vir ons voorskoolse kinders***



***en skoolgaande jongmense. Ons doel is om geïntegreerde bediening aan die jeug te gee, wat kortom beteken dat ons hulle so wil bedien dat hulle deel van die kerk voel en is. Ons poog om dit op elke ontwikkelingsfase te doen, sodat elkeen op sy vlak tot geloofsvolwassenheid kan groei. Oud en jonk mag deel wees van hierdie jolige komitee.***

***Skakel gerus vir Henning by ☎ 021 919 0705 en laat weet wanneer jy inval.***

***Hoërskool:*** *Rina Amoraal / Maryke van Heerden / Wouter Smit (jr) / Krisjan Muller /*
*Corné Oosthuizen*

***Laerskool:*** *René Dijkstra* / ***Kinderkerk:*** *Lydia Sander*

# BEJAARDE-KOMITEE

## Ons doen die belangrike dienswerk vir bejaardes bo 70 jaar.



### Wat behels ons werk?

Ons bied ondersteuning aan ons bejaardes en gaan besoek hulle gereeld. Ons hou ook vier gesellige funksies per jaar, nl. ***'n Vleisbraai, Wintersete, Lentetee & 'n Kersete.***

**Ons neem onderskeidelik 'n groep bejaardes onder ons vlerk om die volgende diens te verrig:**

- Gereeld die bejaardes in die betrokke groep te besoek.
- Gelukwens met verjaarsdae en ander belangrike gebeure.
- Besoek, wanneer 'n bejaarde in jou groep ongesteld of ernstig siek is (tuis of hospitaal), dit te rapporteer aan ***Reint Berg of die Chrisant*** van die week.
- Die bejaardes in kennis te stel en uit te nooi na die volgende funksie. Vervoer, (self of reël) na en van funksies.
- Wanneer die bejaarde nie 'n funksie kan bywoon nie, wegneemetes vir hom/haar te neem.
- Reël van vervoer na funksies, kerkeredienste asook begrafnisse of troosdienste.
- Seker te maak dat bejaardes kennis dra van Nagmaalbediening en/of vervoer na en van die kerk op daardie Sondag benodig word.
- Enige ander diens lewer, volgens jou besluit, bv. te neem vir inkopies, ens.

**Reëlings tydens ons gesellige funksies:**

- Ons doen die dekor van die saal.
- Ons tree op as gasheer / gasvrou by die tafels.
- Ons reël vir lekker musiek of vermaak.
- Bediening van kos, skink van wyn en sap.
- Opruiming na die tyd.

Daar is soveel verskillende fasette van dienslewering en werk wat verrig kan word om hierdie besonderse en vervullende dienswerk vlot te laat loop, dat daar altyd plek is vir nuwe komiteelede en hulp van watter aard ook al.

**Liz Shaw ☎ 072 221 6331 / Hanlie Bierman / Ineke de Weerdt / Ellie Ter Haar Tjeerd Alkema / Lana Taljaard / Marié Botha / Magda Voigt / Danie & Wendy Meyburgh / Johanna Greeff / Elize Opperman / Ds. Reinder Kingma**

# BOEKEKOMITEE



Hierdie komitee is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van Psalmboeke, en in sommige gevalle Bybels, aan die gemeente. Hulle hanteer ook die opname van die katkisante se handleidings en werkboeke en gee dit deur aan die administrasiekantoor om te bestel.

(Die mediateek hanteer alle ander boeke, ens.)

Danie van Schalkwyk ☎ 021 903 1648 & Tjeerd Alkema ☎ 021 558 9790

# Evangelisasiekomitee



Die Evangelisasie Komitee is deur die Kerkraad in die lewe geroep om die opdrag van Christus uit te voer, n.l. *om die Blye Boodskap van verlossing uit te dra tot aan die uithoeke van die aarde.*

Die komitee doen dit deur o.a. aan die volgende aandag te gee: organisering en beplanning saam met betrokke lidmate, verkryging van hulpmiddele soos fondse, voedsel, lesmateriaal en klere. Hulle gee ook aandag aan die opleiding van betrokke lidmate vir die evangeliseringswerk.

## Die projekte wat bedien word is die volgende:

1. **Huis Sonop**: Dit is 'n nasorg-tehuis van Stikland Hospitaal en die werk wat daar gedoen word, is geestelike versorging van geestelik behoeftige mense.
2. **Shiloh Christelike Opheffingsentrum**. Dit vind plaas in die nedersetting Wallacedene, by Kraaifontein en word gedoen in samewerking met ander kerk-genootskappe.
3. **Reddersburg kinderhuis**. Geestelike en maatskaplike versorging van weeskinders, deur hulle te huisves en te bederf in vakansies.
4. **Evangelie aan Seelui.** Hierdie organisasie bedien die evangelisasie onder seelui op die skepe en versorg gelowiges op die skepe. Ons betrokkenheid is meelewing, voorbidding en finansiële ondersteuning. Hierdie werk reik werklik tot die uithoeke van die aarde. Ons het ook verteenwoordiging op die Biblia – komitee.
5. **Kongo sending.** Ons ondersteun Potchefstroom-Noord gemeente met voorbidding en finansiële hulp om die predikante in die Kongo te onderhou.
6. **Free to Serve**. Dit is 'n sendingsorganisasie wat in die Ooste werksaam is, nl. Indië, Birma, Thailand en Laos. Hulle werk veral onder Boedhiste. Omdat westerse sendelinge daar nie toegelaat word nie, werk hulle saam met plaaslike mense wat tot bekering gekom het. Elke jaar gaan daar ook gelowiges uit Suid-Afrika na hierdie mense om hulle verder op te lei. Ons betrokkenheid behels voorbidding, meelewing en finansiële ondersteuning.
7. **Koningskinders.** Minder bevoorregte kinders van Arestea Laerskool in Kraaifontein word jaarliks op 'n kamp geneem waartydens die Evangelie aan hulle bedien word en hulle toegerus word om hulle moeilike omstandighede te kan hanteer. Die kamp word opgevolg deur vier kwartaallikse byeenkomste.
8. **Caritas.** Dit is 'n evangelie-bediening wat uit die Koningskinders-projek ontstaan het, maar wat nou 'n selfstandige aktiwiteit is. Die persone wat ge-evangeliseer is word opgeneem in 'n Caritas-wyk waar hulle verder bedien word. Die evangelisasiewerk draai sterk rondom Woordbediening en onderrig van die kinders. 'n Groot groep van hierdie persone woon nou al ons eredienste by terwyl die kinders by die katkisasieklasse ingeskakel is.

U voorbidding en betrokkenheid sal help om ons verder te laat groei in die uitvoering van ons opdrag.

**Ds. Reinder Kingma ☎ 021 919 5893** / Henning Venter / Adri Wattel / Erich Maritz / Johan & Hettie Visser / Colette Heunis / Rina Engelbrecht / Douw Kruger

# Finansiële Komitee



DOEL

Die hoofdoel van die Finansiële Komitee is die ge-ordende finansiële administrasie en beheer oor alle fondse van die kerk, hetsy eie fondse of trustfondse wat namens ander instansies ingevorder word.

WERKSWYSE

Die Finansiële Komitee se administrasie word hanteer deur die kassier. Alle kollektes en bydraes wat per koeverte afgedra word, word onafhanklik van die kassier deur kommissies van die kerkraad getel en gebank. Die kassier hanteer slegs in uitsonderlike gevalle enige kontantfondse.

Die Komitee vergader wanneer noodsaaklik en rapporteer op `n gereelde basis aan die kerkraad oor die stand van fondse en oor aangeleenthede waar wesenlike finansiële besluite geneem moet word.

KOLLEKTES

Kollektes en bydraes wat onder beheer van die Finansiële Komitee ingevorder word, is die volgende:

- ***Kerkkas (ook Instandhouding van die Erediens):*** Vir die instandhouding van die erediens, onderhoud van kerklike eiendomme en administrasie van die kerk.
- ***Huis Boland***: Vir barmhartigheidsdiens by Huis Boland, `n aftree-oord in die gemeente.
- ***Kinderhuise in die Kerkverband:*** Vir die twee diakonale kinderhuise, naamlik die President Kruger Kinderhuise te Pretoria en Reddersburg.
- ***Ouetehuise:*** Vir die diakonale ouetehuise naamlik die Dirk Postma Ouetehuis in Burgersdorp, Ons Huis in Florida en die Waterberg Tehuis vir Bejaardes op Nylstroom.
- ***Grassy Park***: Vir diakonale hulp in die Gereformeerde Kerk Grassy Park.
- ***Crossroads***: Vir diakonale hulp in die Gereformeerde Kerk Crossroads.
- ***Elsiesrivier:*** Vir diakonale hulp in die Gereformeerde Kerk Elsiesrivier.
- ***Dowes en Blindes***: Vir diakonale hulp met die bediening van dowes en blindes in die Gereformeerde Kerk Worcester.
- ***Diakonale Kas:*** Vir diakonale hulp in ons eie gemeente.
- ***Bolandse Bedieningsfonds:*** `n Fonds van Klassis Boland vir hulp aan behoeftige gemeentes in die Boland en Suid-Kaap om predikantsbediening moontlik te maak en te vestig.
- ***TSP-Studentekas:*** `n Fonds vir hulp aan teologiese studente aan die Teologiese Skool te Potchefstroom.
- ***Evangelisasie:*** Evangelisasie-aksies van ons gemeente soos Mitchell's Plain, Elsiesrivier, Caritas, ens.
- ***Sustentasiefonds:*** Hulp aan alle behoeftige Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om predikantsbediening `n moontlikheid te maak.
- ***Afgetrede Helpers en Evangeliste:*** `n "Pensioen"-fonds vir afgetrede Helpers en Evangeliste in die Suidelike Part Sinode. Br Danie Marman van Elsiesrivier kry byvoorbeeld uit hierdie fonds hulp.

- ☞ ***Emeritaatsfonds:*** `n "Pensioenfonds" vir predikante wat emeriteer en reeds voor die Pensioenfonds in werking getree het in 1994, in die bediening was. Sodanige predikante se pensioene word uit hierdie fonds aangevul.
- ☞ ***Kerkblad:*** Hulp aan Die Kerkblad om sy finansies te laat klop.
- ☞ ***Bybelverspreiding:*** Hulp aan die Bybelgenootskap om bekostigbare Bybels te druk en te versprei.
- ☞ ***Dankbaarheidsfonds:*** `n Fonds wat in die lewe geroep is om hulp te verleen aan onder andere die Emeritaatsfonds en die Sustentasiefonds. Die doel van die fonds is om in 2009, met die 150-jarige bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, sodanig te groei dat dit in al die nood kan voorsien.
- ☞ ***Arso-lesmateriaal:*** `n Fonds om leesstof vir Christelike Onderwys daar te stel.
- ☞ ***Pro Ecclesia Beursfonds:*** `n Beursfonds vir behoeftige Gereformeerde studente wat aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes Universiteit studeer – verkieslik in die onderwys.
- ☞ ***Ekumenisiteit London:*** `n Fonds vir buitelandse Woordbediening aan Gereformeerdes, veral in London.
- ☞ ***Emeritushulpfonds:*** `n Fonds vir geëmeriteerde predikante in die Boland en Suid-Kaap, wat karige hulp uit die Emeritaatsfonds verkry.

Jan van Milligen ☎ 021 919 1907 / 082 855 4289 / August Sander / Peet van Biljon
Ronelle van Rhyn / Andries van Heerden / Hennie Kruger / Voorsitter van Diakonie



# DIE CHRISTELIKE ONDERWYS-KOMITEE

Die doel van die komitee is om die kerkraad en gemeente in te lig en toe te rus vir die uitbouing en handhawing van Gereformeerde / Skriftuurlike / Bybelgefundeerde onderwys in ons skole.

## Opdrag

1. Die kerkraad en gemeente op hoogte te hou van die ontwikkelinge op onderwys-gebied.
2. Ouers se betrokkenheid by die onderwys van hulle kinders te bevorder.
3. Ouers toe te rus om leerinhoude te evalueer vanuit ons Christelike oortuigings.
4. Ouers van advies te bedien oor hoe hulle die Christelike onderwys van hulle kinders kan verseker.

## Projekte

Die komitee verskaf gereelde terugvoering en advies aan die gemeente via die gemeente se nuusbrief.

.

Tans is die komitee weer besig om die Vraelys oor Christelike Onderwys wat verlede jaar gesirkuleer is, te opdateer vir verspreiding later in die jaar.

**Riaan Hanekom (s)** ☎ 021 982 2801 /**Bennie Aucamp / Daleen Aucamp /**

**Nora Rossouw**

## *Nuwe intrekkers komitee*



Die werk van hierdie komitee gaan om die verwelkoming en inskakeling van nuwe lidmate in die gemeente.  Ons wil hê hulle moet tuis wees hier by ons sodat hulle gawes die liggaam van Christus verder kan uitbou. Tans is ons besig om die klem van die komitee na die diakens, wyke en lidmate te verskuif sodat hierdie onderlinge gemeenskap deur lidmate bewerk en onderhou word.

**Michal Muller ☎ 021 976 4967** / Francois Raath / Richardt  & Renee Snyman Maretha Opperman / Pieter van Niekerk / JH (Hennie) Venter

## KATKISASIEKOMITEE



### Samestelling van komitee

**Die katkisasiekomitee bestaan uit al die hulp-kategete wat katkisasie gee vir graad 1-tot-11 kinders. Afhangende van die grootte van 'n katkisasieklas mag daar meer as een hulp-kategeet per graad wees sodat die klas verdeel word in kleiner groepe. Die voorsitter van hierdie komitee is 'n ouderling wat aangewys word deur die Kerkraad. Pieter K Venter ☎ 021 976 4547 &**
**Di. Reinder Kingma & Henning Venter.**

### Doel van komitee

**Alle aspekte rakende katkisasie-onderrig word deur hierdie komitee hanteer. Elke hulp-kategeet hanteer sy/haar eie katkisasieklas se onderrig op Sondae, asook verslaggewing aan die ouers/kinders eenmaal of twee**

maal per jaar. Laasgenoemde verslae word huidiglik (2007) as volg uitgestuur saam met die ouderlinge:

- Hoërskool leerders: Tydens Meimaand se huisbesoeke
- Laerskool leerders: Tydens Augustus se huisbesoeke

Indien daar enige projekte beplan word, sal dit op die vergadering van die katkisasiekomitee bespreek word.

## Vergaderings

Vergaderings vind eenmaal per kwartaal plaas. Tydens hierdie vergadering sal alle sake rakende katkisasie-onderrig bespreek word. Elke hulp-kategeet kry ook kans om terugvoer te gee oor sy/haar katkisasieklas. Besprekings rakende positiewe punte asook enige probleme vind plaas en die nodige opvolgwerk geskied daarna. Die voorsitter gee terugvoer by die volgende Ouderlinge-vergadering oor die komitee se werksaamhede en besluite.

## Hulpkategete 2009: Arne Singels ☎ 021 976 6346 / 084 242 2421

Gr. 1 – Elmarie Jurg    Gr. 2 – Linda Henning
Gr. 3 – Nicolene du Plessis    Gr. 4 – Daleen Aucamp
Gr. 4 – Anneke van Milligen    Gr. 5 – Hessel Dijkstra
Gr. 6 – Rina Amoraal    Gr. 7 – August Sander
Gr. 8 – Louise Stauss    Gr. 9 – Kobie Taljaard
Gr.10 – Ds. Henning Venter    Gr.11 – Ds. Reinder Kingma
Caritas – Erich Maritz en Helpers
Volwasse – Ds. Henning Venter

# MEDIATEEK

Die doel van die MEDIATEEK is om ondersteunend te wees in die geestelike groei van die predikante en gemeentelede deur die aankoop en beskikbaar stel van geestelike DVD's, video's en boeke.

1. Media is beskikbaar vir alle ouderdomsgroepe.
2. DVD's en video's is ingedeel in die volgende afdelings:
   a) Kinders
   b) Tieners

c) Volwassenes / Geloof
d) Gesin / Opvoeding
e) Musiek / Geestelik
f) Natuur / Skepping
g) Woordverkondiging
h) Gemeente-aktiwiteite



**3. <u>Boeke-afdeling:</u>**
a) Beperkte aantal boeke beskikbaar.
b) Bybelstudieboeke vir individue en groepe.
c) Lys van boeke en Bybelstudie boeke beskikbaar.

4. Mediateek is oop **elke Sondag** na die erediens (uitsluitend skoolvakansies).
5. Beplanning van nuwe **MEDIATEEK** in pyplyn.
6. Voorstelle vir nuwe aankope is welkom.
7. Boekuitstallings / verkope drie keer per jaar.

**Vir enige navrae omtrent die media skakel asb. een van die komiteelede:**

**Gretel Wüst:** ☎ **021 919 5336** / Henriëtte Boot / Nelleke Krüger /
Wilna vd Walt / Retha Raath

Ons nooi almal vriendelik uit om gebruik te maak van die **MEDIATEEK**.
Dit is eksklusief vir al ons gemeentelede!



# Gemeenteboekiekomitee

**Antonette Schminke** ☎ 021 919 4303
Martin van der Walt / Di. Reinder Kingma & Henning Venter

# ORRELKOMITEE



BART VAN MILLIGEN (S) ☎ 021 976 2303 / IETJE BERG / HETTIE HENNING /
PIETER K VENTER / MAGGIE MULLER / SJOERD & ANNEMARIE ALKEMA



# EIENDOMSKOMITEE

**Fanie Henning (s)** ☎ 021 906 2298
Douw Coetzee / Jannie Buys / Fancois Raath /
Wessel Steenkamp / Peet van Biljon /
Jan van Milligen

## *Preekopnames*



*Tobie Oosthuysen (s)* ☎ *021 919 5130*
*Matt Venter*



# Tegnologiekomitee

**Johan (s) & Angelique Dunn ☎ 082 890 3051**
S R (Rudolf) Henning /Arne Singels / Andries Venter
Matt Venter / Philip Kruger / Michal Muller

# *Tuisbladkomitee*



*Matt Venter ☎ 021 976 8875*
*Gertjan Costerus / Antonette Schminke / Kobus Venter*

## Residentia Stigting

Die Residentia Stigting is 'n organisasie sonder winsbejag wat toegewy is aan die voorsiening van behuising en versorging aan die bejaardes, die gestremdes en die jeug. Gestig in 1957 in Pretoria, Suid Afrika, as die Gereformeerde Stigting en nou bekend as die Residentia Stigting het dit gegroei tot 'n groot organisasie met meer as 20 oorde landwyd.
Fasiliteite sluit in aftree oorde, ouetehuise, versorgingseenhede vir verswakte bejaardes, dienssentrums asook 'n versorgingsoord vir kinders en 'n kampeerterrein vir kinders by die see. Die Residentia Stigting is ook op verskeie terreine betrokke met gemeenskapsprojekte.

As 'n Christen-diensorganisie strewe die Residentia Stigting voortdurend na uitnemende dienslewering in die verskaffing van volhoubare versorging van die bejaardes, die gestremdes en die jeug.

## Huis Boland

Huis Boland is opgerig in die hartjie van Bellville in die Wes-Kaap, waar *"die lug skoon was en pragtige tuine aangelê sal word en 'n rustige atmosfeer geskep sal word vir die bejaardes".*
Die oorsprong van die skema het begin by die Gereformeerde Kerke van Kaapstad en Bellville. Hulle het die Gereformeerde Stigting, nou die Residentia Stigting, genader wat die fasiliteite opgerig en tot op hede bestuur het.
Die eerste fase van die ontwikkeling is voltooi in 1990 en bestaan uit 26 kamers, 'n siekeboeg met 12 beddens asook 12 eenman- en 11 een-slaapkamer woonstelle. Die tweede fase van die ontwikkeling is voltooi in 1994 en bestaan uit 59 woonstelle wat op verblyfreg basis verkoop word.

## Fasiliteite

Die oord is gerieflik geleë naby winkels, dokters, poskantoor, kerke, eetplekke, banke, apteke en hospitale en bied die volgende fasilitiete;

- 21 self versorgende eenman-woonstelle
- 32 self versorgende een-slaapkamerwoonstelle
- 17 self versorgende twee-slaapkamerwoonstelle

- Siekeboeg met 12 beddens en sluit in;
  o 24 uur versorging sewe dae per week
  o 3 etes per dag
  o Wasgoed- en skoonmaakdienste
- 26 enkel kamers vir verswakte bejaardes en sluit in;
  o 24 uur versorging sewe dae per week.
  o 3 etes per dag
  o Wassery- en skoonmakdienste
- Nooddiens kamer

## Aansoeke en navrae kan gerig word aan:

Die Bestuurder, Mnr Hennie Coetzee
Posbus 604, Sanlamhof, 7532
Tel: 021 946 4170 / Faks: 021 949 9912 / E-pos: boland@residentia.co.za